## DEPARTEMENT VAN FINANSIES

**No. 1403** **22 Mei 1992**

Die Departement van Finansies maak hiermee bekend dat oordragdokumente ten opsigte van die ondergemelde Republiek van Suid-Afrika Binnelandse Geregistreerde Effekte **nie later nie as 29 Mei 1992** by die Departement se kantoor te Abattoirhuis 301, Hamiltonstraat 50, Arcadia, Pretoria, ingelewer moet wees ten einde vir die rentebetaling op 1 Julie 1992 te kwalifiseer.

Die registrasie van oordragdokumente aldus ingehandig sal op 10 Junie 1992 gefinaliseer word waarna die registers tot die dag van rentebetaling gesluit sal wees.

"Cape of Good Hope Colonial Stock", 4,50 Persent (R001).

Binnelandse Geregistreerde Effekte, 9,25 Persent, 2004 (R093).

Binnelandse Geregistreerde Effekte, 9,375 Persent, 2004 (R097).

## DEPARTMENT OF FINANCE

**No. 1403** **22 May 1992**

The Department of Finance announces hereby that transfer documents in respect of the undermentioned Republic of South Africa Internal Registered Stocks must be lodged with the Office of this Department at 301 Abattoir House, 50 Hamilton Street, Arcadia, Pretoria, **not later than 29 May 1992** to qualify for the interest payment on 1 July 1992.

The registration of transfer documents thus handed in will be finalised on 10 June 1992 whereafter the registers will be closed until the date of the interest payment.

Cape of Good Hope Colonial Stock, 4,50 Per Cent (R001).

Internal Registered Stock, 9,25 Per Cent, 2004 (R093).

Internal Registered Stock, 9,375 Per Cent, 2004 (R097).

## DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING

**No. 1378** **22 Mei 1992**

WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

VOORLOPIGE VERKLARING VAN 'N NASIONALE GEDENKWAARDIGHEID: DIE EIENDOM MET DIE OU METODISTE-KERK EN BEGRAAFPLAAS DAAROP, TE COLLINGHAM, IN DIE DISTRIK ALBANY

Kragtens artikel 5 (1) (c) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet No. 28 van 1969), verklaar die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede hierby die eiendom met die ou Metodiste-Kerk en begraafplaas daarop, te Collingham, in die distrik Albany, soos hieronder volledig beskryf, voorlopig tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die eiendom tesame met die ou Metodiste-Kerkgebou asook die begraafplaas daarop, synde sekere stuk grond in die afdeling Albany, nou bekend as Gedeelte 2 van Plaas 229, geleë in die Registrasieafdeling Albany, en groot 0,4283 (nul komma vier twee agt drie) hektaar.

Transportakte T79/1853, gedateer 6 Oktober 1853.

**G. S. HOFMEYR,**
Direkteur: Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede.

## DEPARTMENT OF NATIONAL EDUCATION

**No. 1378** **22 May 1992**

NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

PROVISIONAL DECLARATION OF A NATIONAL MONUMENT: THE PROPERTY WITH THE OLD METHODIST CHURCH AND CEMETERY THEREON, AT COLLINGHAM, IN THE DISTRICT OF ALBANY

In terms of section 5 (1) (c) of the National Monuments Act, 1969 (Act No. 28 of 1969), the National Monuments Council hereby provisionally declares the property with the old Methodist Church and cemetery thereon, at Collingham, in the District of Albany, as fully described below, to be a national monument.

*Description*

The property together with the old Methodist Church building as well as the cemetery thereon, being certain piece of land in the Division of Albany, known as Portion 2 of Farm 229, situated in the Registration Division of Albany, in extent 0,4283 (nought comma four two eight three) hectares.

Deed of Transfer T79/1853, dated 6 October 1853.

**G. S. HOFMEYR,**
Director: National Monuments Council.

20